


S.A. Navorsers

'n Aantal navorsers uit Suid-Afrika het in die suidpoolgebied aangekom. Hulle is met die navorsingskip R.S.A. daarheen. Voor hul vertrek na Sanae in Antarktika het hul familie en vriende by die skip van hulle afskeid geneem, want hulle sal ongeveer 'n jaar weg wees en op en onder die ys lewe. Hul woonkwartiere is kamers wat in ys uitgegrawe is.

Bly 'n Jaar op Ys

Vir hierdie Suid-Afrikaanse wetenskaplikes is daar alle moontlike nodige geriewe aangebring. Daar is selfs 'n tuintjie wat elektries verlig word waarin kropslaai, radyse, tamaties en tulpe gekweek word. Die foto's op hierdie bladsye is 'n uur voor hul vertrek deur Foto-Beeld geneem. 

REGS: Mnr. H. Czanik van die Universiteit van Stellenbosch, neem afskeid van sy broer, mnr. J. Czanik (regs), sy skoonsuster en niggie Ineke. Hy is 'n student in ingenieurswese en sal die liggloed en aurora in Antarktika bestudeer.



*Die foto,
Hewel*